Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif, lam, Ra. (Net Allah weet wat hierdie woorde beteken.)

Hierdie is die verse van die Boek, die Koran, wat dinge duidelik maak.

2. By geleentheid wens die ongelowiges dat hulle Moslems was.

3. Laat hulle maar eet en hulleself geniet, en laat dit wat hulle so van hou: al hulle beplanning wat hulle met soveel liefde maak gebaseer op materiële inhaligheid sonder inagneming van die Oordeelsdag, hulle maar nalatig maak, want hulle sal eersdaags uitvind.

4. En Ons het nie een Dorp vernietig sonder dat dit 'n voorafbepaalde dekreet daaroor uitgevaardig was nie met 'n boodskap, bewyse en 'n bepaalde tyd van afrekening.

5. Geen volk kan hierdie voorafbepaalde tyd vooruitgaan of oorskry nie.

Woorde van bemoediging teenoor die Profeet na aanleiding van die vyandigheid van die Mekkane

6. En die mense van Mekka het gesê: “Mohammed, jy aan wie hierdie vermaning, die Koran geopenbaar is, jy is verseker kranksinnig.

7. Hoekom bring jy nie die engele na ons toe as jy die waarheid praat nie?”

8. Ons stuur nie die engele nie tensy dit is met wat waar is en dan sal hulle geen uitstel gegee word nie.

Allah is Openbaarder en Beskermer van die Koran

9. Ons het self hierdie vermaning, die Koran geopenbaar en Ons is daar om dit te beskerm.

10. En Ons het die boodskappers voor jou na die groepe van vroeëre volke toe gestuur.

11. En geen boodskapper het na sy volk toe gekom sonder dat daardie volk hulle boodskapper bespot het nie.

12. Dit is hoe Ons dit by die harte van die sondaars laat ingaan,

13. deurdat hulle in dit, die Koran, nie glo nie. En die vroeëre volke het net so gemaak.

14. En selfs al sou Ons 'n opening in die lug maak en hulle heeldag daardeur opneem,

15. sal hulle steeds sê: “Dit is niks anders as ons oë wat ons bedrieg nie en ons is 'n betowerde volk.”

Vallende sterre verjaag die satans wat die engele afluister

16. Ons het die interstellulêre formasies in die lug geskape en dit mooi gemaak vir diegene wat daarna kyk...

17. ...en Ons het hulle beskerm teen elke uitgeworpe satan,

18. maar die een van die satans, wat probeer om die engele af te luister word gejaag en verjaag deur die duidelik sigbare vlam van 'n uitbrandende vallende ster wat die aarde se atmosfeer binnegekom het.

19. En Ons het die aarde uitgesprei en daarop berge geplaas en alles in balans daarop laat groei, net genoeg van elke soort om 'n gesonde balans te handhaaf,

20. en daarin vir julle onderhoud geskape, en vir die diere en mense van wie julle nie die onderhouers is nie.

21. daar is niks waarvan Ons nie skatkamers vol het nie. En Ons stel dit slegs in bepaalde hoeveelhede beskikbaar.

22. En Ons stuur die winde om die aarde met bemesting te bestrooi, en dan die water uit die lug wat Ons gegee het sodat julle kan drink, oral, en soveel dat julle dit nie kan opgaar nie.

23. En Ons, slegs Ons gee lewe en bring die dood en Ons is die uiteindelike erfgenaam van alles.

24. En Ons ken diegene van julle wat vooruit gegaan het, en Ons ken diegene wat agter gebly het.

25. En waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal hulle bymekaarmaak. Waarlik Hy is Alwys en Alwetend.

26. Ons het die mens, Adam, gemaak van 'n fyn klei gemaak van verrotte modder wat 'n geluid kan maak soos pottebakkersklei wanneer die pot wat daarvan gemaak is, droog is.

27. En die “Jan”, die eerste Jin wat Ons vroeër gemaak het van die vuur van die warm wind.

28. Onthou toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir die engele gesê het: “Ek gaan 'n mens maak van Klankgewende klei gemaak van verotte modder.

29. En sodra Ek hom klaar perfek gevorm het en in hom van My gees geblaas het, moet julle voor hom neerval en laag voor hom kniel.”

Iblis weier om voor die mens Adam neer te kniel

30. So het die engele toe almal saam voor Adam neergekniel,

31. behalwe vir Iblis. Hy het geweier om een van diegene te wees wat laag neergekniel het.

32. Allah sê toe vir hom: “Iblis, wat is fout met jou dat jy nie saam met die ander voor Adam neergekniel het nie?”

33. Iblis antwoord toe: “Ek is nie die een wat sal neerkniel voor 'n mens wat U gemaak het van 'n klankgewende klei wat van verrottende modder gemaak is nie.”

34. Daarop het Allah gesê: “Verlaat dan dadelik hierdie plek, want jy is 'n uitgeworpene.”

35. En op jou rus die vloek: jy sal buite die genade van Allah wees, tot en met die Oordeelsdag.

36. Iblis vra toe: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee my dan net uitstel tot op die dag wat die dode opgewek sal word.”

37. Allah sê toe: “Wel, jy is een van diegene aan wie uitstel verleen is

38. tot en met die voorafbepaalde tyd.”

39. Iblis sê toe: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, siende dat U my laat afdwaal het, sweer ek dat ek vir hulle op die aarde die bose aantreklik gaan maak en hulle op 'n dwaalweg sal lei,

40. behalwe vir diegene van U diensknegte wat deur U gekies is.”

41. En Allah het gesê: “Na My toe lei die Reguit Weg*. (*K19:35)

Die hel is vir afwykers

42. My diensknegte is sodanig dat jy geen mag oor hulle het nie behalwe diegene van die afwykers wat jou navolg.”

43. En die hel is die beloofde plek vir hulle almal.

44. Dit het sewe hekke. En vir elke hek is daar 'n groep van die afwykendes wat aan die hek toegedeel is.

Tuine met strome water is vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het

45. Waarlik, diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, is in Tuine met strome nadat vir hulle gesê was:

46. “Gaan hier in, in vrede, vry van enige vrees.”

Daar sal Allah vrede bring tussen broers

47. En teen daardie tyd het Ons alle griewe wat hulle teenoor mekaar in hulle harte gehad het verwyder en hulle broers gemaak wat van aangesig tot aangesig met mekaar op banke sit.

48. Geen moegheid sal hulle daar kan aanraak nie, en ook sal hulle nie daaruit verjaag kan word nie.

49. Sê vir My diensknegte dat Ek die Meesvergewende, die Meesgenadige is,

50. en dat My straf die pynlike straf is.

51. En vertel vir hulle van die gaste van Abraham.

52. Toe hulle hom besoek het, het hulle hom gegroet met: “Salaam” wat beteken: “Vrede vir jou.” Abraham sê toe: “Ons is bang vir julle.”

53. Maar hulle het gesê: “Moenie bang wees nie. Ons gee vir jou goeie nuus wat kundig sal wees.”

54. Abraham vra toe: “Gee julle my die goeie nuus noudat ouderdom my oorval het? So wat is die goeie nuus wat julle vir my gee?”

55. Hulle antwoord toe: “Ons het aan jou die goeie nuus gegee van 'n feit. So moenie een van die wees wat hoop verloor nie.”

56. Abraham sê toe: “Wie sal hoop verloor in die genade van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer behalwe vir diegene wat die Reguit Weg byster geraak het?”

57. Abraham vra toe verder: “Boodskappers, wat dan is die aard van julle sending en wat kom maak julle hier?”

58. Hulle sê toe: “Ons is gestuur na 'n sondige volk toe.

59. behalwe vir die familie van Lot, wie ons almal gaan red,

60. behalwe vir sy vrou. Ons het dit so bepaal dat sy een van diegene sal wees wat sal moet agterbly.”

Die boodskappers kom by Lot aan

61. So, toe die boodskappers by die familie van Lot uitkom,

62. het Lot gesê: “Julle is vir my vreemd, ek ken julle nie.”

63. Maar hulle het gesê: “Nee, maar ons het na jou toe gebring dit waarin hulle getwyfel het.

64. En ons het na jou toe gekom met 'n definitiewe saak en ons is betroubaar en praat die waarheid.

65. So, nadat 'n deel van die nag verby is, moet jy en jou familie die stad verlaat en jy moet agter hulle loop en nie een van julle moet omkyk nie maar aanhou loop tot by die plek waarheen julle beveel is.”

Lot worstel met die sondige mense van die Stad

66. En Ons het aan Lot die feit geopenbaar dat die mense van die stad vernietig gaan word tot die laaste man wanneer hulle die oggend sien.

67. Die mense van die stad kom toe met blydskap na Lot toe.

68. Maar Lot het gesê: “Hulle is my gaste: so moenie my laat skaamkry nie,

69. en julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê, en moenie my in die skande bring nie.”

70. Maar hulle sê: “Het ons jou nie verbied om die beskermheer van die hele wêreld te probeer wees nie?”

71. Lot antwoord: “Hierdie is my dogters waarmee julle kan trou as julle wil.”

72. Ek sweer by jou lewe, of profeet, hierdie mense dwaal rond verblind deur die bedwelming van hul misleiding.

73. So is hulle dan ook vasgevat deur die Skreegeluid teen sonop.

74. Toe het Ons die stad onderstebo gekeer en oor hulle reën gestuur van klippe gemaak van klei.

75. Waarlik daarin is daar 'n boodskap en bewyse vir diegene wat die boodskap en bewyse kan verstaan.

76. En waarlik hulle stad was geleë op die Reguit Weg.

77. Waarlik in dit is daar 'n boodskap en bewyse vir die gelowiges.

Meer woorde van bemoediging aan die Profeet na aanleiding van die griewe en vyandigheid van die Mekkane teenoor hom

78. En die Midianiete van Aikah, wat beteken “digte woud”, die mense van die profeet Jetro, wat in 'n later tydperk naby die dorpie van Lot gebly en van Lot geweet het, was waarlik oortreders.

79. Ons het hulle beide, die mense van Lot en die mense van Jetro, wat duidelik sigbaar langs 'n hoofweg geleë was, in vergelding gestraf.

80. Die mense van die Al-Hijr vallei tussen Hijaz en Sirië waar die mense van Thamud gewoon het het die boodskappers belieg en belaster.

81. En Ons het aan hulle Ons boodskap en bewyse voorsien en steeds het hulle hulself aanhoudend daarvan weggedraai.

82. Hulle het vir hulleself in vrede huise uitgekap in die heuwels waar hulle veilig kon woon terwyl hulle eintlik nie rede tot vrees gehad het nie.

83. Toe het hulle straf in die vorm van 'n geweldige gerammel, 'n skreeuende wind en 'n aardbewing, hulle oorval teen die oggend. (K7:78)

84. So, watter inkomste hulle ook al gemaak het uit hulle aktiwiteite soos landbou en die water wat hulle geweier het om met die vroulike kameel te deel, het hulle niks gehelp nie.

85. Ons het nie die hemele en die aarde geskape en wat ook al tussenin is anders as in waarheid nie. En die Uur sal verseker kom. Mohammed, die beste wat jy dus kan doen ten opsigte van die mense van Mekka se griewe en vyandigheid teenoor jou, is om hulle sondige optrede in genade oor te sien en nie daaraan aandag te skenk of daaroor te kla nie.

86. Waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Meester en Skepper, die Alwetende.

87. En Ons het in die Aanhef tot die Koran vir jou die sewe gereeld-herhaalde verse gegee, asook die sewe langste hoofstukke, en sodoende die wonderlike Koran.

88. Wees dus tevrede met die Koran wat Ons jou gegee het en moenie verlangend kyk na die luukshede en die verganklike plesiere wat Ons aan die rykes gegee het om te geniet nie, en moenie ongelukkig wees omdat jy begeer wat hulle het nie. Wees goed vir die gelowiges met nederigheid.

89. En sê vir hulle: “Ek is die een wat duidelik waarsku teen straf,

90. soos wat Ons gegee het aan die dwarstrekkers wat verdeeldheid veroorsaak, diegene wat 'n ooreenkoms met mekaar aangegaan het om die profete te opponeer, te ontken en te beledig, (K27:49, K16:38, K14:44, K7:49)

91. wat die Koran, soos hulle eie Boeke, in stukkies opgedeel het en sekere dele geglo het en sekere dele nie.”

92. So, sowaar as jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, Ons sal hulle alle mense, van alle tye ondervra,

93. oor waarmee hulle besig was ten opsigte van hul geloof in Allah of ander gode.

Voor die openbaring van vers 94 is Aanbidding en Verkondiging slegs in die geheim gedoen en tot 'n paar mense beperk

94. Nou, verkondig wat julle beveel was en draai julleself weg van die Veelgodedienaars af.

In vers 95 onderneem Allah self vir hulle veiligheid

95. Waarlik, Ons is genoegsaam vir jou teen diegene wat jou uitlag en bespot,

96. diegene wat hulle toevlug neem tot 'n ander god saam met Allah. So, laat hulle gewaarsku wees: hulle sal binnekort leer.

Allah self bring die geestelike genesing vir die angstigheid wat die hartverskeurende woorde en dade van vyande kan meebring, deur middel van Lofprysing en Aanbidding

97. En Ons weet dat jou hart ontsteld voel oor al die beledigende dinge wat hulle oor jou sê.

98. Maar moenie dat dit jou voorneme beïnvloed nie, of jou verhinder om die boodskap van Allah te verkondig nie: hou jy maar net aan om die reinheid en wonder van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer te verkondig deur Hom te loof en te prys en wees een van diegene wat hulleself baie laag neerbuig in Aanbidding.

99. En Aanbid jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer totdat dit na jou toe kom wat seker is: en dit is die dood.

O my Allah,

help my met die aanleer van die gewoonte

om wanneer angstigheid my hart begin omklem,

ek onmiddelik sal gryp na U oplossing,

deurdat ek U sal loof en prys en Aanbid.

Ja ek wil selfs die gewoonte vervolmaak

om U voortdurend te loof en te prys en te Aanbid

en nie net wanneer ek in nood is nie.

Alle lof kom Allah toe!

Eer en heerlikheid aan Allah!

Daar is geen god wat aanbiddingswaardig

is nie, behalwe Allah!

Amen.